Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 29 Augustus 1951 Prys 3d. Nr. 39

# DR. VAN RENSBURG STEL SY STANDPUNT

**Onderstaande verklaring word uitgereik deur die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg:**

Die eenparige besluit van die Afrikanerparty - Kongres te Bloemfontein en die verklarings daar gemaak, raak ook die O.B. en wel ten goede. Seer sekerlik ten goede.

In die eerste plek is 'n noodsaaklike stap gedoen in die rigting van Afrikanereenheid op die parlementêre terrein — 'n stap wat nie sonder die aktiewe en lojale steun van kongresgangers wat lede van die O.B. is, kon geskied nie. Ten spyte van pogings tot vertroebeling van die juiste posisie het die O.B.-lede van die kongres (wat die beslissing waarskynlik anders kon laat val het) sonder teenstem die eenwording gesteun. Sodoende het hul aan vriend en vyand getoon dat hul manne en vroue is op wie vertrou kan word en wat nie maklik in die war gejaag kon word nie.

Ook — en dit is lewensbelangrik — het hul die odium, as sou die O.B. op parlementêre terrein die noodsaaklike Afrikaner-saamsnoering wil verydel, van ons ver gehou en sodoende die Beweging se goeie naam gered — verwarring ten spyte.

### HAVENGA-VERKLARING

Tweedens het die kongres die ondubbelsinnige en publieke verklaring van die leier van die Afrikanerparty en adjunk-eerste minister, mnr. Havenga, ingehou dat die gewraaklike klousule oor „lidmaatskap van 'n politieke verklaring van die twee leiers syns insiens nie op die O.B. van toepassing is nie. Hy het tewens die publieke versekering gegee dat hy geen diskriminasie teen 'n lid van sy party, hetsy O.B. of nie, sal gedoog nie tensy sodanige lid



deur sy eie optrede op partypolitieke gebied die party beveg of ondermyn.

Hierdie publieke versekering aanvaar ons met verligting en dankbaarheid en ek vertrou dat die vertroebeling (waaraan ook ons eie geledere hul skuldig gemaak het) finaal die nek ingeslaan is.

### KRITIEK

Naas hierdie twee voordele vir die O.B. voel ek, tot my spyt, genoodsaak om te sê dat reaksies in ons eie geledere my teleurgestel het, insoverre as sulke reaksies gegrond was op onjuiste en selfs misleidende koerantberigte wat meer belang had by ondermyning van ons onderlinge vertroue as by die versterking van die dissipline waaraan ons in die verlede soveel waarde geheg het.

(Lees ons tweede hoofartikel op bladsy 2).

# A.P.-Kongres Se Besluit

**Die Afrikanerparty het opgehou om te bestaan.**

**Op 'n buitengewone kongres van die A.P. wat verlede Donderdag in die Clarendon-saal in Bloemfontein gehou is, is die aanbevelings van dr. D. F. Malan en mnr. N. C. Havenga oor die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. goedgekeur en is volmag aan die leiers gegee om die verdere stappe te doen wat sal lei tot die oprigting van die nuwe samesmeltingsparty.**

Die pleidooie van die leiers van die A.P. ten gunste van samesmelting is in die openbaar gelewer, terwyl die afgevaardigdes die kwessie in komitee bespreek het. Meer as 400 kongresgangers en ander belangstellendes het die openbare verrigtinge bygewoon. Daarna het die afgevaardigdes — ongeveer 200 in getal die voorstel oor samesmelting met die H.N.P. bespreek.

**Die O.B.** verneem dat die diskriminasie - klousule van die H.N.P. wat woordeliks in die nuwe party opgeneem word, bespreek is toe die kongres in komitee was. As gevolg van dr. J. F. J. van Rensburg se beroep op beswaarde O.B.-lede om tog nie teen die samesmelting te stem nie, het sommige O.B.-lede uitgestap toe die saak tot stemming gebring is en andere het nie daarteen gestem nie. Derhalwe kon die voorstel sonder teenstem aangeneem word.

## Dans Veroordeel

'n Voorstel wat daarop neerkom dat die Algemene Sinodale Kommissie van die Vrystaatse N.G. Kerk moderne dans as 'n euwel veroordeel en dat die raad van die Universiteit Oranje-Vrystaat versoek sal word om sy beleid om „beheerde" danse op die universiteitsterrein toe te laat, in heroorweging te neem, is verlede week deur die kommissie eenparing aangeneem.

## JURIE LABUSCHAGNE

Jurie Johannes Labuschagne is op 21 Februarie 1895 in die distrik Vryheid gebore. As jongman was hy in die staatsdiens werksaam. In 1937 het hy bedank met die doel om hom op boerdery toe te lê op die plaas Vlakhoek, waar hy geboer het tot sy dood. Sy gesondheid het al baie jare veel te wense oorgelaat aangesien hy aan asma gely het.

Op die 6de Junie j.l. het hy skielik 'n kwaai aanval van blindedermontsteking gekry; in alleryl is hy in die nag na die hospitaal op Vryheid geneem en die volgende dag geopereer. Die bevinding was gebarste blindederm. Die operasie was 'n sukses maar die hart het begin ingee en die derde dag is hy oorlede.

Op 10 Julie 1929 is mnr. Labuschagne met Maria Magdalena Spies getroud. Geen kinders is uit die huwelik gebore nie. Maar 21 jaar en 11 maande was hulle gegun om gelukkig saam te leef.

Die O.B. se medelye gaan uit na die eggenote van ons troue kameraad wat ons ontval het.

# REPUBLIEK IS AFHANKLIK VAN NIE-PARTYPOLITIEKE ORGANISASIE

**„Dit is nodig dat die O.B. sy posisie in oënskou neem nou dat die samesmelting van die twee nasionaal-georiënteerde politieke partye vir alle praktiese doeleindes 'n voldonge feit geword het," verklaar die Kaaplandse leier, dr. F. D. du Toit van Zyl, in 'n Kaaplandse voorligtingstuk. Hy verklaar:**

Op die jongste vergadering van die uitvoerende raad van die Grootraad het die O.B. weereens bevestig dat hy nie 'n partypolitieke organisasie is nie en nie van plan is om 'n politieke party te word nie. Ten spyte van die agterdog wat daar teen hom gewek is in die jare wat verby is, staan die Ossewabrandwag dus na tien jaar nog presies waar hy gestaan het in 1940 toe hy die ondersteuning van alle republikeine vir sy nie-partypolitieke stryd geniet het. **In daardie jaar was dit terwille van 'n republiek — geskoei op die lees van ons vroeëre Afrikaner - republieke en totaal los van die Britse Empire — dat ons saam die stryd aangepak het. In daardie dae was dit ook allerweë gevoel en erken dat die stryd vir die republiek nie alleen deur middel van 'n politieke party gevoer kan word nie.**

Die samesmelting van die twee politieke partye kan vir ons volk 'n baie heilsame uitwerking hê op parlementêre gebied, **mits die volk se republikeinse stryd buite die partypolitiek nie in die pad gestaan word nie, want ons is nog net so oortuig soos in 1940 dat die stryd om 'n republiek deur middel van slegs 'n nasionale politieke party nie doeltreffend gevoer kan word nie omdat die party die republiek as iets buite die partypolitiek beskou. Met ander woorde: die party beskou die bewerkstelliging van die republiek nie as sy eerste plig en taak nie. Die O.B. wel.**

### REPUBLIKEINE

Lede van die party onderskryf die republikeinse ideaal en die meerderheid van hulle is gesworе republikeine. Aangesien die hoogste doelstrewe van die O.B. die republiek is, moet en sal hy voortgaan met die republikeinse stryd. Indien die nuwe Nasionale Party hierdie stryd op parlementêre gebied mag voer, sal die O.B. hom ten sterkste ondersteun. **Terselfdertyd koester die O.B. die vertroue dat republikeinsgesinde lede van die nuwe party wederkeriglik hul ondersteuning aan die O.B. sal gee waar hy hierdie stryd op die nie-partypolitieke front voer. En laat ons hier baie uitdruklik beklemtoon dat geen ideaal, en allermins die republikeinse, ooit bereik kan word sonder volhardende propaganda.**



Aangesien daar lede van die O.B. is wat hul gewig by die nuwe party gaan inwerp, kan daar ook verwag word dat republikeine binne die party hul gewig by die Ossewabrandwag sal inwerp as die aktiewe en volhardende kampvegter van die republiek op nie-partypolitieke gebied.

### MOET VOORTGAAN

Daar mag lede van die O.B. wees wat nou dink dat dit onnodig geword het om lid van hul beweging te bly aangesien daar 'n republikeinse klousule opgeneem word in die program van beginsels van die nuwe party net soos dit by sy twee voorgangers was. **Aan hulle wil ons sê dat die samesmelting van die twee partye op sigself nie die vooruitsig om 'n republiek buite die Britse Empire te verkry verbeter nie, tensy daar van nou af daadwerklike pogings aangewend word daarvoor.** Die posisie kan alleen verbeter wees indien die O.B. nou, hopelik, nie meer vir sy selfbehoud sal hoef te veg nie, maar ongestoord sal kan voortgaan met sy stryd vir die republiek.

**Mede-Brandwag, dit was terwille van hierdie republiek wat u deur die moeilike jare wat verby is, getrou op u pos gebly het. Solank ons stryd nie met sukses bekroon is nie, bly dit ons plig en voorreg om op ons pos te bly.**

## Lewer Verbode Goed Aan Sjina

Skepe met vragte wat vir oorlogsdoeleindes aangewend kan word, bereik kommunistiese Sjina nog steeds ten spyte van die V.V.O.-verbod. Britse skepe tesame met Russiese, Poolse, Skandinawiese en Panamase skepe is die belangrikste oortreders. In die geval van Panama word tans streng teen dergelike skepe opgetree deurdat hulle beboet en geskrap word.

# STEEDS NOUER SAMEWERKING MET EMPIRE

**„Die Statebondslande se samewerking op verdedigingsgebied word elke maand nouer," het brig. H. G. Willmott, die Unie se nuwe lugstafhoof, in 'n onderhoud aan Die Burger gesê.**

Brig. Willmott, het so pas uit Brittanje teruggekeer waar hy die afgelope vier jaar militêre adviseur vir die Unie se hoë kommissaris in Londen was. Hy het gesê dat die nouste voeling ook met ander Statebondslande se militêre verteenwoordigers in Londen bewaar word.

Dit help nie om mens te troos met die gedagte dat die militêre samewerking met Brittanje en die Empire net van tydelike aard is solank die kommunisme 'n bedreiging vir die Weste is nie. Toe genl. Smuts Suid-Afrika se verdediging met dié van die Empire vereenselwig het met die oog op die „Duitse gevaar", was daar 'n kragtige opposisie wat die volk bewus gehou het van sy selfstandige roeping. **Vandag ontbreek daardie opposisie, behalwe in sover die Ossewabrandwag en ander buiteparlementêre groepe of persone teen die beleid waarsku.**

**Die gevaar is dus besonder groot dat ons opkomende jeug mak gemaak word vir Empire-verdediging net soos die republikeinse Sappe se jeug in die verlede vir hierdie idee geheel en al gewen is.**

**Inderdaad is Suid-Afrika deur hierdie noue samewerking wat elke maand nog nouer word besig om organies op te gaan in die Britse Statebond totdat wegskeuring daarvan nog moeiliker sal wees as vandag of tien jaar gelede.**

**Republikanisme is op die kreeftegang tensy iets gedoen kan word om die jeug te red deur middel van grootskaalse en aktiewe propaganda.**

DIE O.B., WOENSDAG, 29 AUGUSTUS 1951

# TWEE STANDPUNTE

Dit moet erken word dat die samesmelting van die H.N.P. en A.P. gelei het tot 'n meningsverskil oor hierdie saak in die geledere van die Ossewabrandwag. Drie sake word deur hierdie samesmelting geraak. Eerstens, die kwessie van die toekoms van die Ossewabrandwag. Daar is diegene wat bereid is om die diskriminasieklousule van die H.N.P. wat woordeliks in die nuwe party opgeneem word te onderskryf of te onderteken op grond van mnr. Havenga se versekering dat dit nie bedoel is om O.B.-lede uit te sluit nie. Die betrokke lidmaatskapsverklaring lui o.m. soos volg:

**„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie."**

Op die A.P.-kongres het dr. J. F. J. van Rensburg aan min. Havenga gevra wat die strekking van die artikel is dat niemand lid mag word indien hy aan 'n „ander politieke party of politieke organisasie" behoort nie. Dr. Van Rensburg het gesê dat min. Havenga hom die versekering gegee het dat dit nie teen lede van die O.B. gemik is nie; dat alle huidige lede van die H.N.P. en A.P. trouens outomaties lede van die nuwe party word. Sy standpunt was nog altyd dat die O.B. nie 'n partypolitieke organisasie is nie. Hy het min. Havenga versoek om te beaam wat hy so pas gesê het. Min. Havenga het gesê dat dr. Van Rensburg se weergawe korrek is. Met die toetrede van O.B.-lede tot die A.P. was die veronderstelling egter dat sodanige lede aan geen bedrywighede mag meedoen wat teen die party gerig is of met sy beginsels in botsing kom nie. In sy openingstoespraak het min. Havenga ontken dat lede van die O.B. van die geleder van die nuwe Nasionale Party uitgesluit sal word. Die veronderstelling was nog altyd dat as O.B.-lede onderneem dat hulle geen politiek in hul organisasie sal bedryf nie, daar geen rede is waarom hulle nie tot die nuwe party kan toetree nie. „As O.B.-lede onderneem om geen politiek in die organisasie te voer nie, is hulle welkom in die nuwe party." Aldus min. Havenga.

Na aanleiding van hierdie verklaring van mnr. Havenga het dr. Van Rensburg gesê dat hy dankbaar is dat O.B.-lede van die Afrikanerparty en ook O.B.-lede wat nie tot die A.P. behoort nie, tot die nuwe party sal kan toetree. Persoonlik volg hy mnr. Havenga volkome met die stap. Tot sover dr. Van Rensburg.

### ANDER RIGTING

Daar is aan die ander kant diegene in die O.B. wat die versekering van min. Havenga nie bevredigend vind nie omdat hulle voel dat die begrippe **partypolitiek** en **politiek** met mekaar verwar word. Hulle erken onomwonde dat die O.B. geen partypolitieke organisasie is nie, maar dat hy wel 'n organisasie met 'n politieke strekking is. Hulle kan nie die voorwaarde vir lidmaatskap wat mnr. Havenga stel dat hulle geen politiek in hul organisasie mag voer, aanvaar nie. Hulle is ook nie bereid om toe te gee dat hulle nie standpunte binne die O.B. moet stel wat met die party se beginsels in botsing mag kom nie. Vir hulle beteken dit dat hulle nie mag propaganda maak vir 'n republiek buite die Empire nie omdat dit bots met die beleid van die leier van die nuwe party; dat hulle nie mag pleit vir 'n partylose staat nie of mag sê dat die partypolitiek 'n Britse instrument van volksverdeeldheid is nie omdat hulle dan politiek voer in hul organisasie, en beginsels verkondig wat bots met die beleid van die party. Hulle voel dat hulle ook nie vir beroepsverteenwoordiging sal mag pleit nie omdat dit met die beleid van die party bots, en ook nie die republikeinse konsep-grondwet mag propageer nie wat reeds deur die partyleier verwerp is. Hulle voel derhalwe dat die lidmaatskapsklousule van die nuwe party hulle voor die keuse stel om óf te swyg oor die beginsels van die Ossewabrandwag en lid te word van die nuwe party, óf om voort te gaan om die beginsels van die O.B. te bely wanneer hulle dan nie lid van die nuwe party mag word nie.

Toe O.B.-lede aangesluit het by die Afrikanerparty was die posisie anders. Daar kon hulle lid word met behoud van hul „non-partypolitieke identiteit." By die nuwe party kan hulle lid word slegs met aflegging van hul politieke identiteit.

Hierdie rigting voel dat indien O.B.-lede kragtens die voorwaardes van die nuwe party aansluit, die kwessie van koers en toekoms van die Ossewabrandwag in gedrang kom. **Die houding van die Ossewabrandwag oor hierdie saak sal deur die Grootraadsvergadering wat gedurende Oktober staan gehou te word, beslis word.**

# Dr. Van Rensburg Se Kritiek

Ons vind dit jammer dat dr. Van Rensburg in sy verklaring oor die A.P.-kongres elders in ons blad dit nodig geag het om kritiek uit te oefen op reaksies in O.B.-geledere en te praat van „vertroebeling waaraan ook ons eie geledere hul skuldig gemaak het." Hy verklaar dat hierdie reaksies gegrond was op „onjuiste en selfs misleidende koerantberigte."

(Vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**Daar was net een koerantberig waarop Die O.B., die Adjunk-K.G. en dr. F. D. du Toit van Zyl hul standpunt gegrond het, en dit was die amptelike verklaring van mnr. Havenga en dr. Malan. Daarin kom 'n klousule oor lidmaatskap voor wat woordeliks dieselfde is as die klousule in die H.N.P.-konstitusie wat dr. Malan in die verlede gebruik het om teen O.B.-lede te diskrimineer.** Dit op sigself is genoegsame grond vir enige redelike mens om aan te neem dat in afwesigheid van enige ander verklaring van die kant van die partyleiers wat hierdie diskriminasieklousule uitdruklik weerspreek, diskriminasie teen die O.B. gehandhaaf word.

Meer berigte het ons nie nodig gehad vir ons gevolgtrekkings nie. Wat ons wel nog meer gekry het, was vertolkings in die hoofartikelkolomme van die te stigte party se amptelike blaaie, **en daardie vertolkings het die vertolking wat in hierdie blad verkondig is, bevestig.**

**Tot op datum het die leier van die te stigte party, dr. Malan, dit onnodig gevind om sy koerante se amptelike vertolkings te weerspreek; slegs min. Havenga het 'n vertolking van die klousule gegee wat sommige O.B.-lede blykbaar bevredig, maar andere nie.**

Ons vind dit daarom jammer dat dr. Van Rensburg beskuldigings van vertroebeling teenoor sy onderleiers en die blad inbring. Laasgenoemde is heeltemal geregtig op hul menings en geregverdig om dit uit te spreek.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Beperking van Grondaankope*

Ons vriend „Uil" van Stellenbosch, skryf hierdie keer oor plaasgrond. Sy brief lui:

Geagte Sybrand,

Die H.N.P. van S.W.A. het grondbelasting bespreek met die oog op stopsitting van groot aankoop van grond en ontworteling van die boerebevolking. Dit is natuurlik — met 'n oog op fondse of stemme — op die lange baan geskuiwe.

Dit neem nog nie die werklikheid weg nie.

Daar is net een manier om die land te red van grondmonopolie, nl. 'n stygende grondbelasting.

Elke afdeling weet hoeveel grond nodig is om ekonomies op te boer — sulke grotes sal dan belastingvry wees, so ook die aankoop van grond vir elke seun totdat hy sy beroep gekies het—dit met die oog op gesonde geboorteaanmoediging. Maar daarna sal elke morg belasbaar wees.

'n Voorbeeld: In die beste deel van Paarl-distrik sal 20 morge 'n goeie normale inkomste verkry en die sal belastingvry wees; daarna sal elke morg belasbaar wees en hoe groter die grond des te hoër die belasting per morg.

In Beaufort-Wes is 4,000—5,000 morge nodig vir 'n goeie bestaan; daarna sal elke 1,000 morge trapsgewys belasbaar wees, ens.

Wat egter seker is, is dat iets gedoen moet word teen die grondbanker van die boer van Suid-Afrika — en 'n nuwe grondliefde moet in die jong geslag ingeboesem word anders sal die land in die bestek van 20 jaar net aan 'n paar boere behoort.

My leser praat nou so in die O.B. se kraam. Ek was besonder bly om sien dat daar ook mense binne die H.N.P. is wat met ons saamstem op hierdie punt. Trouens, 'n hele aantal H.N.P.-takke het dergelike beskrywingspunte ingedien vir die Kaaplandse kongres aanstaande week. Vir groot grondeienaars kan daar seker heelwat gesê word. Hulle gaan gewoonlik meer wetenskaplik te werk, so word gesê, en bewaar die grond dus beter. Ek weet nie of dit in alle of selfs meeste gevalle so is nie. Daar is 'n paar groot boere in ons land wat hul grond op bewonderenswaardige wyse ontwikkel; maar daar is ook 'n groot klomp ryk boere wat lappe aarde het wat onontwikkel lê en aan die genade van naturelle oorgelaat is. Buitendien, indien grondbewaring in alle erns aangepak word, kan die klein boer gedwing en gehelp word om sy grond net so sorgvuldig te beskerm as die grootboer. Die platteland was nog altyd die fondament van 'n volk se karakter en tradisie. Die gee hom sy geestelike ruggraat. Ons moet ons jeug dus op die plase hou soveel as moontlik. Wat meer is, ek glo dat die tyd aangebreek het dat ons in terme van immigrasie nie net aan vakmanne vir die nywerhede moet dink nie, maar, gepaard met 'n beleid van segregasie, moet ons groter getalle plaaswerkers uit verwante Europese lande invoer. Hierdie mense wat vir 'n aantal jare as knegte op die platteland kan werk, sal ten volle in die Afrikaanse volk opgaan. Op die wyse sal immigrasie ook 'n volkswins wees, waar dit in die verlede so dikwels van uit 'n Afrikaanse oogpunt, 'n volksverlies was deurdat selfs Nederlandse immigrante in die stede verengels het.

### *Stalin se Skole*

„Vang die jeug," was nog altyd die slagkreet van alle imperialismes. Ons het dit in ons eie land ondervind waar die Afrikanerjeug deur middel van Engelse skole ontwortel moes word. In Europa is dit vandag die kommuniste wat hierdie beleid blykbaar met groot welslae toepas, soos blyk uit die reusejeugsametrekking so pas in Oos-Berlyn. Maar Stalin gebruik ook veral die klaskamer om sy imperialisme te veranker. Uit Oostenryk word die volgende gesprek tussen 'n persman en 'n sewejarige Hongaarse seuntjie wat kort tevore saam met sy ouers uit kommunisties-beheerde Hongarye ontvlug het, berig:

Vraag: Wat het jy in die skool geleer? Antwoord: Alles, die kat, die koeie, die hond en ander diere.

Vraag: Van watter mense het jou onderwyser jou geleer. Ant.: Van oom Rakosi (Hongarye se kommunistiese leier).

Vrg.: Wat het hy jou van hom vertel. Antw.: Oom Rakosi is 'n baie gawe man. Hy het die werkers van slawerny bevry, en hy is die leier van die werkende volk.

Vrg.: Wie het Hongarye vrygemaak? Ant.: Die Sowjet-soldate en die party.

Vrg.: Watter party? Ant.: Die grootste party, die werkers se party.

Vrg.: Het jy iets van die Kommunisties Party verneem? Antwoord: Nee.

Vrg.: Weet jy wie Stalin is? Antw.: Stalin is die groot leier van die Sowjet-volk. Hy hou van die Hongaarse volk en hy het sy soldate gestuur om te veg.

Vrg.: Teen wie? Antw.: Teen die Amerikaners en die Britte.

Vrg.: Waarom het hy dit gedoen? Antw.: Omdat die Amerikaners die Hongaarse werkers uitgebombardeer het.

Vrg.: Wat het jy van Korea geleer? Antw.: Ons het geleer dat die Amerikaanse soldate daar bomme afgooi en teen die Koreane en die Sowjets veg. Die Koreane werk vreedsaam op hul rysvelde, maar nou is hulle baie arm.

Vrg.: Wie sal wen? Antw.: Die Sowjet-volk. Hulle is sterker as die Amerikaners en Stalin lei hulle.

Vrg.: Weet jy wie God is? Antw.: Ek weet nog nie.

Wat 'n mens ookal van Stalin mag sê, sy skooljeug ken blykbaar hul geskiedenis!

### *S.A. Voorbeeld*

Die vyande van die Afrikanervolk het nog altyd net soos Stalin gebruik gemaak van die skole om ons jeug los te ruk van hul volk, en ongelukkig was daar baie Afrikaners en selfs nasionale leiers wat nie voldoende deur hierdie taktiek gesien het nie en pleitbesorgers was vir 'n sogenaamde neutrale rigting in ons onderwys. Godsdiens (ek praat nie van Bybelgeskiedenis nie) en nasionalisme was beskou as verbode vir ons skoolgaande jeug. Dit kon dalk aanstoot gee aan die „ander seksie van die bevolking." Maar „die ander seksie" het wel deeglik gebruik gemaak van die skole om die jeug vir hul saak te wen. Ek herinner my nog goed watter tonele van Britsgesindheid ek aanskou het op Ellis Park in 1938 toe die Engelse Voetbalspan daar teen die Springbokke gespeel het. Reg agter die pale op die verhoog aan die een kant van die veld het die Engelse skooljeug van die Rand met hul strooihoedjies geel gesit. Keer op keer as die Britse span sukses behaal, het jy net strooihoede die lug sien intrek, maar as die Springbokke punte aanteken, was dit so goed of jy emmers koue water oor hulle uitgiet. Daardie sogenaamde „Suid - Afrikanertjies" was reeds hardgebakte Britjies en dit sou seker baie jare neem, indien ooit, voordat hulle die merktekens van hul skole sou ontgroei het.

Geen wonder dan ook dat die Engelse pers en politici so te kere gaan oor die Transvaalse ordonnansie wat moedertaalonderwys verpligtend maak nie.

Wanneer sal die dag aanbreek wanneer al ons skole sal help om ons jeug Suid-Afrikaans en meer bepaald Afrikaansbewus te maak? In Amerika is die skole een van die kragtigste middels om die groot stroom immigrante - kinders te veramerikaans. Gevolglik is Amerika 'n volk ten spyte van sy miljoene Iere, Duitsers, Italiane ens. wat self of wie se ouers nie in die land gebore is nie.

### *Fakkelmanne Praat Al Van Tronk*

Ek sien die Fakkelkommando en die regering is besig om mekaar oor en weer te bedreig en uit te tart. Dit laat my darem baie dink aan die dae tot die Ossewabrandwag opgekom het. Toe was daar ook die spekulasie of dit 'n politieke organisasie is of nie, of lede van die Verdedigingsmag daaraan mag behoort of nie, of die leiers in die tronk gesit moet word of nie, ens., ens. In Natal het 'n Fakkelleier die regering uitgedaag om hom in die tronk te sit. Hoe dikwels het die O.B.-leiers nie dergelike uitdagings aan die Smutsbewind gerig nie!

Van regeringskant word beduie dat dit met die Verenigde Party klaarpraat is. Hy is glo sonder kop en op sy laaste pote. Ek is nie in 'n posisie om hieroor uitspraak te gee nie. Vir my lyk die party ook maar leierloos en hulpeloos, veral ook omdat sy beleid op so 'n groot skaal deur die regerende party oorge-

(vervolg op bladsy 4 kolom 5)

# EUROPA SLINGER TUSSEN OOS EN WES

**Die Marshall-plan wat as 'n Westerse bolwerk teen die kommunisme bedink was, het nie in sy doel geslaag nie. Niemand anders nie as die afgetrede direkteur van die Marshall-plan, Hoffman, het die plan as 'n mislukking bestempel. In sy laaste berig aan die regering van die V.S.A. skryf Hoffman: „ . . . terwyl die plan ongetwyfeld 'n groot help vir die heropbouing van die ekonomiese lewe van Europa was, het dit nou tog geblyk dat deur die plan nie die politieke wilvorming teen die kommunisme bereik is nie." Dit is die hoofpunt van die berig en die is ook gelyktydig die erkenning van die mislukking van die plan. Maar wat nog belangriker is, is die feit dat kommmunisme nie deur ekonomiese hulpmiddels kan oorwin word nie.**

**Die bitter erkenning het die Amerikaners aanleiding gegee om in Europa 'n wal van „Yster en Bloed" te bou. Maar ook hier sien ons weer hoe met verkeerde veronderstellings te werk gegaan word.**

As 'n mens die onmiddellike militêre en politieke situasie van Europa beskou, vind jy dat daar net twee mense is wat gereed is om Europa te verdedig.

Die twee is generaal Eisenhower en dr. Konrad Adenauer. Die een het die opperbevel van die Europese leër ontvang van die Amerikaanse president Truman in Washington. Die ander het 'n bevel gekry van die Pous van Rome om onvoorwaardelik vir Amerika teen die Russe te veg.

Albei is kwaad omdat die Europeërs en in besondere die Duitsers nie vir die Amerikaners wil veg nie.

Maar sowel generaal Eisenhower as dr. Adenauer is nie in staat om die Duitsers te sê waarvoor hulle moet veg nie.

### AFJAK VIR FRANSE

In Frankryk het die minister van verdediging, Moch, 'n eetmaal vir generaal Eisenhower gegee. Die generaal het wel die eetmaal bygewoon, maar hy het net 40 minute vertoef. Dit was 'n groot skok vir die Franse volk. Sedert die dae van Napoleon was dit die kortste eetmaal in Frankryk se geskiedenis. Generaal Eisenhower is vir die Franse baie kwaad omrede die Franse nie wil veg nie. Van die jong manne in Frankryk wat vir militêre diens opgeroep is, het net 50 persent verskyn.

So moet generaal Eisenhower vandag van die een Europese land na die ander reis om die regerings en volke vir die verdediging van Europa om te praat. Die generaal het 'n paar weke gelede 'n praatjie gelewer in Londen en vir Attlee, Morisson en Churchill hard op die vingers getik toe hy gesê het: „Hoe tragies! Vry manne sien die skrikbeeld van slawerny maar is gehinder om te veg deur kunsmatige bande wat hulle self gesmee het en net hulle alleen kan losmaak."

**Dit is mooi en duidelike woorde en die wêreld hoor so 'n praatjie baie graag. Maar die wêreld weet dat die generaal net so in kunsmatige bande geslaan is as Attlee en Churchill. Ja, die wêreld weet nie alleen nie, hy sien ook dat die generaal geboei is.**

### DUITSE HATER

Dit is algemeen bekend dat die generaal die grootste Duitse hater in Amerika is. Om sy eie woorde te gebruik, het die generaal nog nooit 'n fatsoenlike Duitser ontmoet nie.

Die wêreld onthou nog baie goed hoe hy die Duitse afvaardiging wat om die wapenstilstand onderhandel het, ontvang het. Sy gesig en bewegings was vol haat en afstootlikheid teenoor die Duitsers.

Die generaal behoort te weet dat die Europese beskawing en opvoeding elke Europese man gebied om die vorme van wellewendheid in ag te neem. Een van die vorme is om die ontvangs van briewe te erken. Maar dit kom voor asof dit nie die geval in Amerika is nie. (Ek persoonlik het byvoorbeeld die ondervinding opgedoen dat selfs presidente van universiteite in Amerika nie die vorm van wellewendheid ken nie).

Generaal Eisenhower het reeds in baie lande aanstoot gegee wat natuurlik 'n noue sa-

## Deur Ski

mewerking baie moeilik maak. In 'n kritieke tyd soos vandag moet die vooraanstaande manne alles doen om 'n eenheid te herstel en is dit natuurlik verkeerd as 'n mens met sy harde kop deur 'n muur wil spring.

### GEBREKE

Die woord politiek beteken niks anders nie as: **„Ek gee dat u ook gee."**

Daar is ten tweede die feit dat Amerika, Engeland en Frankryk nie gewillig is om alle Europese nasies in die Atlantiese Bond in te sluit nie. Veral die volke van die Oostelike dele van Europa, die wat deur die Russe onderdruk word, bv. Littaue, Estland, Letland en Finland. Amerika en Engeland het dié volke as verlore afgeskrywe en is nie gewillig om die nasionale organisasies van die volke te help nie.

Een fout wat sware gevolge vir die verdediging van Europa en die Westerse beskawing kan hê, is Spanje. Die lande wat teen Spanje se lidmaatskap in die Atlantiese Bond is, is Engeland en Frankryk en staan as „pienk" rooies in die hele wêreld bekend. Albei word beheers deur Jode en Vrymesselaars. Nasionale kringe in die hele wêreld beskuldig Engeland en Frankryk dat hulle die Russiese oorwinning wil bevorder, om vir hulself die grondslag te verskaf om politieke en ekonomiese voordele van Rusland te verkry.

### DR. STRASSER

Daar is 'n Duitse politikus van formaat, wat steeds sy vingers op die oop wond van die Anglo-Amerikaanse politiek lê — dr. Otto Strasser, wie se waarskuwing aan die vooraanstaande manne van Amerika lui:

**Europa is nie Engeland en die Beneluxlande Frankryk, België, Holland en Luxemburg nie; as julle vir Europa, vir die Westerse beskawing, wil veg dan moet julle die nasionale Duitsland en Oostenryk, die nasionale Tsjeggo - Slowakye, Hongarye, Letland, Littaue, Finland, Switserland, Denemarke, Noorweë, Swede, Spanje en Portugal insluit; as julle dit nie wil doen nie dan veg julle nie vir die vryheid van Europa, vir die Westerse beskawing nie, maar vir die magsoorwig van Engeland in Europa, vir die voorreg van die Engelse kapitalisme om Europa uit te buit.**

**Julle het Europa 6 jaar gelede al een keer gekul, maar julle kan dit nie nog 'n keer doen nie.**

Die volke van Europa dink vandag realisties; hulle weet dat daar nie meer 'n gewapende Duitsland en Oostenryk met 100 miljoen mense bestaan nie.

### DOODSE GEVAAR

**Die bolwerke Koenigsberg, Marienburg, Kustrin, Breslau, Praag en Weenen is verpletter. Die Pruisiese vlakte is tot oor die Elbe deur die Russe platgeloop en geplunder.**

**Daar is nie meer miljoene bajonette gedra deur miljoene jong Duitse stormsoldate nie.**

**Nooit nie, selfs nie in die tyd van Dzjengis Khan het die Westerse beskawing in sulke doodse gevaar verkeer as wat vandag die geval is nie.**

**Daar lewe nie meer 'n Starhemberg, 'n Koning Sobieski en 'n Montecuculi om die Asiatiese bendes te verslaan nie.**

Hoewel Duitsland vooraanstaande manne het soos bv. dr. Otto Strasser en generaal Guderian, die enigste tenkdeskundige in Europa wat teen die Russe opgewasse is, word hulle nie gebruik nie.

Strasser word in 'n kunsmatige gevangenisskap in Kanada gehou en generaal Guderian moet swyg om nie ook gearresteer te word nie, want Eisenhower en Adenhauer hou nie van hom nie.

**Hulle hou nie van die twee Duitsers nie, maar hulle vergeet dat dit juis weens haat is dat Rusland met sy 280 miljoen mense; van wie 200 miljoen Asiate is, in die middel van Europa staan.**

**Wat het die Atlantiese Bond om daarteen te sit?**

Engeland, Frankryk, Duitsland, Denemarke, Holland, België, Luxemburg, Oostenryk — en laat ons nog Spanje en Portugal saamreken — tel nog maar 200 miljoen mense.

### NET PRAATJIES

Die bewapening van die Beneluxlande is maar 'n kinderspeletjie teenoor Rusland en die herbewapening van Duitsland, **daaroor word gepraat, net soos in die geval van Spanje.**

Maar laat ons nou hoor wat Rusland doen. Ek wil vandag nie my eie opinie hier gebruik nie; ek laat Wassil Schaposchnikow, seun van die oorlede Russiese Veldmaarskalk Schaposchnikow, wat onlangs uit Rusland gevlug het, spreek.

Wassil Schaposchnikow was jare lank 'n lid van die ekonomiese kommissie van die Russiese leër en hy beskik deur middel van sy vader, wat stafhoof van die Russiese leër was, oor 'n groot kennis van alle planne wat sy vader en Stalin beraam het. W. S. sê:

Die Russiese generale staf het die **verdedigingstrategie** wat in die Russiese leër voorrang geniet het, laat vaar. Die nuwe taktiek is nou die **offensiewe met sterk magte.** Maar voorafgaande sal die vyand se krag verkwis moet word.

**Die aanval- en opmarsplan teen die Weste is: Blitsvinnige aanval en deurstoot tot by die Engelse kanaal en die Pireneë. Onmiddellike offensiewe teen Spanje om nie die Amerikaners die kans te gee om daar te land nie.**

**Terselfdertyd val die Russe**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**aan teen Persië en Turkye om die Suez-kanaal te bereik en teen Noord-Afrika op te marsjeer.**

**Aanval teen Joego-Slawië en deurstoot na Italië.**

**Vir die blitsvinnige offensiewe het Rusland 'n spesiale valskermleër wat gereed staan.**

### ATOOMBOMME

W. S. beweer dat Rusland deur die werk van Duitse tegniese ingenieurs in staat is om atoom- en bakteriëbomme oor die Atlantiese Oseaan te skiet.

Die insig in Stalin se planne is natuurlik vir die Europeërs nie rooskleurig nie, en daarom dink ek dat sowel generaal Eisenhower as dr. Adenauer nie die reg het om patriotte van enige lande voor die kop te slaan nie.

**Amerika moet erken dat Duitsland nie die brug moet word waaroor die Asiatiese bolsjewisme na die Weste marsjeer nie. Amerika moet erken dat Duitsland 'n volwaardige lid van die Europese volke is. Sonder Duitsland sal daar geen Europa wees nie. Net 'n eerlike broerskap tussen die Europese nasies kan Europa red—of die Westerse beskawing sal ondergaan.**

Alle moeite om Europa te red is tevergeefs solank dr. Adenauer die Duitse patriotte uitsluit en in die tronk gooi. Adenauer moet tog weet dat sonder geesdrif geen leër sal seëvier nie. Maar ons sien dat hy uit die gebeurtenisse van die laaste tien jaar niks, heeltemal niks, geleer het nie. Die geskiedenis van die laaste 30 jaar wys dat Duitsland in dr. Adenauer die eerste onbekwame rykskanselier het. Wat sy regering van die Anglo-Amerikaners aan voordele ontvang het, het hy nie deur die bekwaamheid van dr. Adenauer gekry nie, maar deur die politieke propaganda en gewig van die nasionale bewegings.

En as Amerika die nasionale bewegings van Duitsland nie vir hom wen nie, staan die wêreld voor die gevaar dat Europa deur die Russe, sonder baie en groot moeite, vertrap sal word.

# Vrees Dat Empire Britse Karakter Kan Verloor

**Vrees dat Kanada sy Anglo-Saksiese karakter in die toekoms kan verloor, word in die Engelse pers uitgespreek na aanleiding van die jongste immigrasieneigings in die dominium. Gedurende die eerste ses maande van die jaar het daar 66,000 immigrante uit die Europese vasteland na Kanada gegaan teenoor slegs 14,000 Britte. Dit beteken dat die verhouding van nie-Britse immigrante tot Britse immigrante vier teenoor een is.**

Die Engelse pers verklaar dat dit nie 'n weergawe is van die amptelike Kanadese beleid nie, maar dat struikelblokke soos beperking van sterling-oordragte na die dollargebiede Britse immigrante in die wiele ry.

„Wat die Kanadese regering werklik begeer is 'n leërskare van Britse vrywilligers wat ten minste die inkomelinge uit daaraan toe dit **„die geringe getal Britse immigrante sal, indien dit so voortduur, die bande van tradisie en trou wat nog teenoor die moederland gekoester word verswak."**

Daar sal onthou word dat 'n Britse kommissie van ondersoek 'n paar jaar gelede gewaarsku het teen die gevaar dat die Britse karakter van die dominiums verander kan word deur nie-Britse immigrasie. **Daar is toe aan die hand gedoen dat Brittanje soveel immigrante as moontlik aan die dominiums moet lewer en hul plekke in Brittanje dan opvul met immigrante uit Europa.**

## Naturelle Tree Self Op Teen Misdaad

Inwoners in drie Randse naturelledorpe het verlede week massa-vergaderings gehou om optrede teen naturellemisdaad te bespreek. Hulle het hul steun belowe aan die polisie om naturellemisdaad uit te wis. Behalwe dat hulle aangedring het op openbare telefone wat met die polisiekantoor skakel, word daar ook gewerk in die rigting van groter beheer oor leeglêende jong naturelle deur middel van onderwys, ens.

Daar is onder meer besluit om vrywillige nagtelike patrollies in die strate te organiseer.




**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## TE KOOP

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen 6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar, kopvel voeding.** Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. **Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

(vervolg van kolom 5)

oor die Vrymesselaarslosies onder die hoof „Van die Os op die Esel." Ek wil net die skrywer in die eerste instansie bedank vir sy onpartydige uiteensetting, maar tweedens onder sy aandag bring dat die vriend wat beweer dat hy herhaaldelik genader was om by die Vrymesselaars aan te sluit, dit mis het. Onder geen omstandighede mag enige lid van 'n Vrymesselaarslosie 'n persoon nader met so 'n versoek nie, want werwing van lede word nie toegelaat nie. En indien dit wel gedoen word, stel so 'n lid hom bloot aan skrapping.

Verder wil ek net byvoeg dat daar heelwat ander genootskappe is wat in die geheim hul werksaamhede verrig.

Ek was vir jare 'n lid van die Vrymesselaarsbeweging en was ook Meester van my losie; dus weet ek waarvan ek praat. Daar is alreeds sover gevorder dat daar losies bestaan waarvan die voertaal uitsluitlik Afrikaans is.

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1949—1950**

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

**PRAGTIG INGEBIND**

*VOORRAAD BAIE BEPERK*

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

# Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**

DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers** en **deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir 'n **Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en **ekonomiese integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*......................vir die eerste......................maande.*

*NAAM*......................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..................................................

..................................................

..................................................

..................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

# MOET LIEWER NIE AANSLUIT

**Mnr. P. C. Kruger, Blinkwater, Pk. Stofberg skryf:**

Ek wil die uitvoerende raad van die O.B. gelukwens met hul besluit, maar of dit die Malanseksie gaan bevredig sal nog eers gesien moet word, want die artikel wat voorskryf hoe die lede van die nuwe party gekeur moet word, sê uitdruklik dat geen lid van 'n ander organisasie met 'n politieke strekking as lid van die nuwe party opgeneem kan word nie. Die O.B. is wel nie 'n partypolitieke organisasie nie, maar dit het 'n politieke strekking deurdat dit die kampvegter vir volkspolitiek is. As die Malan-seksie met hul diskriminasie voortgaan, sal daar weer 'n verwarring plaasvind. Voorheen was daar ook diskriminasie, maar die O.B. was groot genoeg en sy lede het besef dat mens een vir een ding moet doen. Daar was nog altyd en is nog die V.P. wat uit die bewind gehou moet word. Malan en Havenga is hard besig om dit te doen en het dit reggekry met die hulp van die O.B. Die posisie is nog nie verander nie en die hulp van die O.B. is nog daar nodig. Die gevaar bestaan egter dat 'n deel van die O.B. by die nuwe party gaan aansluit; dit moet voorkom word, want as dit op groot skaal gaan gebeur, is die O.B. van die baan. Myns insiens moet geen O.B.-lid by die party aansluit nie, maar voortgaan om soos in die verlede die Malan-Havenga-kombinasie by die stembus te steun tot tyd en wyl die V.P. so verswak is dat die anti-partygroepe kan amalgameer en selfstandig optree.

# VOLK MOET TERUGKEER

**„Leser", Knysna, skryf:**

Met belangstelling het ek die artikel van mnr. J. A. Smith in die O.B. van 8 deser gelees en daardie toespraak van dr. Van Zyl in die uitgawe van 15 deser. Ek het ook gereken om by die nuwe party aan te sluit, maar ek weier beslis solank daar nog gediskrimineer word teen mede-Afrikaners.

Kyk watter stories was selfs hier op Knysna verkondig van dr. Van Rensburg; baie het gesê die beweging is goed maar die leier is nie, hy skakel met „genl. Smuts." 'n Sekere persoon op Knysna het net so erg van hom gepraat; toe ek hom uitvra omtrent die vorige redakteur van Die Kruithoring wat oorgestap het na die V.P., toe moes jy hoor dat die dinge wat hy dr. Van Rensburg van beskuldig het, was altyd sy eie sondes!

Is die tyd nie nou daar dat ons ons voor God sal verootmoedig, ons sondes bely en opreg bid vir eenheid onder ons nie? Het baie van ons eie lede nie miskien al vergeet dat daar 'n God is na wie ons ons toevlug moet neem nie? Is die tyd nie nou daar dat ons dringend tot God moet bid vir herlewing op geestelike gebied nie deur heel Suid-Afrika? Dat ons volk vandag so verdeeld is, is grotendeels te wyte aan volksondes, vertrapping van ons volkstradisies, Sondagontheiliging, verwaarlosing van huisgodsdiens.

Kerk word nie meer gereeld besoek nie; daar is nie meer tyd vir God en Sy Gebod nie; almal streef net na eie eer en selftevredenheid, posisie en mag. Ons volk het van 'n godsdienstige volk ontaard in 'n dansende, drinkende en vloekende volk. Onsedelikheid voer heerskappy; dink maar aan die baie egskeidingsake, baie te wyte aan drinkmisbruik en owerspel. Die jong mans en dogters het nie meer vir mekaar die sedelike eerbied nie; dink maar aan die manlike kleredrag van die moderne „dames" ten spyte van die Bybelse verbod: 'n Vrou mag nie mansklere dra nie want dit is 'n gruwel in die oë van die Here.

Onsedelike leesstof het die plek ingeneem van „geestelike" boeke, met 'n gesonde en opbouende strekking. Dink ook maar aan al die uitheemse onsedelike films wat hier vertoon word en soveel siele na die verderf sleep. Dan vra ons nog hoekom ons volk so swaar kry. Laat ons terugkeer na die God van ons vadere. Soek eers die Koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

# GROOT TOENAME IN UNIE-BEVOLKING: VERAL ASIATE

**Die totale bevolking van die Unie was op 8 Mei 1951 12,437,227, volgens voorlopige syfers van die sensus wat deur die buro van Sensus en Statistiek vrygestel is. Dit toon 'n vermeerdering van 1,018,878 bo die bevolking tydens die vorige sensus in 1946 en verteenwoordig 'n vermeerdering van 8.9 persent. Die aantal blankes is 2,588,933 — 1,296,565 manlike persone en 1,292,368 vroue. Dit verteenwoordig 'n vermeerdering van 216,243, of 9.1 persent bo die blanke bevolking in 1946.**

**Die grootste persentasievermeerdering het onder die Asiate plaasgevind, nl. 25.8 persent. Asiate tel nou 358,738 vergeleke met 285,260 tydens die sensus van 1946.**

Die naturellebevolking het met 7.4 persent toegeneem en is nou 8,410,937.

Na die Asiate word die grootste toename sedert 1946 getoon deur die Kaapse Maleiers en Kleurlinge, nl. 'n toename van 16.7 persent wat die totaal in 1951 op 1,078,621 te staan bring waarvan 1,016,019 Kleurlinge is.

### PROVINSIES

Die blanke bevolking is as volg tussen die provinsies verdeel: Kaapland — 926,948; Natal — 270,697; Transvaal—1,164,575; Vrystaat 226,713.

Die totale bevolking van Kaapland is 4,378,078, dié van Natal 2,377,570, dié van die Transvaal 4,670,123 en dié van die Vrystaat 1,011,456.

Daar is 2,468,999 naturelle in Kaapland, 1,778,268 in Natal, 3,393,383 in die Transvaal en 770,285 in die Vrystaat.

Die aantal Asiate in Natal is 298,206. In Kaapland is daar 17,047 Asiate en in die Transvaal 43,471. Die Vrystaat het slegs 14 Asiate.

Kaapland het 'n bevolking van 55,588 Maleiers. Daar is 1,117 Maleiers in Natal, 5,755 in die Transvaal en slegs 118 in die Vrystaat.

Op 8 Mei was daar 909,496 Kleurlinge in Kaapland, 29,282 in Natal, 62,915 in die Transvaal en 14,326 in die Vrystaat.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# VRYMESSELAARS WERF NIE

**Mnr. C. D. Gerneke, Helenaplaas, Vryburg, skryf:**

In 'n onlangse uitgawe van Die O.B. verskyn daar 'n berig

(vervolg in kolom 2)

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

neem word. Min. Erasmus oortref selfs vir genl. Smuts wat militêre hulp aan Brittanje betref. Maar of die Verenigde Party nou ook al sterwend is of nie, aan die stabiliteit van ons regering sal dit geen verskil maak nie. Die Britse partystelsel vereis 'n opposisie as alternatiewe regering, en as die V.P. wegsak omdat hy nie meer leiers of beleid het nie, sal 'n ander organisasie sy plek neem. 'n Opposisie moet en sal daar wees om op die banke „aan die ander kant" te sit, en om diegene van die kiesers wat ontevrede raak oor hoë lewenskoste, vleistekort, koue winters, ens. te mobiliseer teen die bewind. Wat die V.P. nie byeenskraap nie, sal die Fakkelkommando blykbaar doen. Nasionalisme kan eers juig oor gebrek aan opposisie wanneer nie die V.P. sterf nie, maar die huidige Britse stelsel wat voorsiening maak vir 'n opposisie.

### *Regering se Vraagstuk*

Ek moet sê ek volg die regering se stryd teen die Fakkelkommando met groot belangstelling juis omdat ons hier die teenbeeld van die politieke toestand in 1940—41 het. In daardie jare het die Ossewabrandwag so 'n besieling en vernuwing aan die politieke front teweeggebring dat die H.N.P. in die tussenverkiesing van Winburg byvoorbeeld 'n meerderheid behaal het wat byna vier maal so groot was as in enige vorige verkiesing. Hierdie verkiesing is hoofsaaklik deur die Ossewabrandwag georganiseer onder die bekwame leiding van wyle mnr. M. P. Wessels, die destydse generaal. So bewus was die kandidaat van hierdie feit dat hy verkies het om nie van die H.N.P. vanaf die verhoog te praat nie, maar van die „Afrikanervolk." Nou sien ek in die Engelse pers dat die Fakkelkommando vuurmaak onder die kiesers en die registrasie vir die V.P. waarneem. Laasgenoemde het dan ook op sy Vrystaatse kongres die Fakkelkommando se samewerking formeel aanvaar.

Nou wonder ek hoe die nasionale regering gaan optree teen die Fakkelkommando. Genl. Smuts se onderdrukking en intimidasie van die O.B. en sy lede het indertyd net olie op die vuur gegooi. Net een ding kon die O.B. breek en dit was verraad in eie kring. Dit het gebeur toe die party wat tot op daardie tydstip niks anders as welwillendheid en ondersteuning ontvang het nie, plotseling omgespring en die O.B. met al sy mag en middels probeer neervel het. Ek kan dus verstaan dat die regeringsblaaie tans die V.P. so aanpor om nie die Fakkelkommando te vertrou nie. Dit is blykbaar hul enigste hoop op bestryding van hierdie nuwe wapen nadat hulle hul eie geheime wapen, die Ossewabrandwag, verwerp en probeer breek het.

Dit laat my dink aan die Amerikaans-Russiese stryd. Dit was baie amper of die pro-Russiese elemente het in 1945 en '46 daarin geslaag om die Amerikaners te oorreed om die atoombom te verwerp as wapen. Intussen het Rusland die geheim uitgevind en met die produksie begin. Waar sou Amerika gestaan het as hy destyds gehoor gegee het?

Die H.N.P.-leiding het sy atoomwapen weggegooi. Sy enigste hoop nou is dat hy die V.P. sal kan oorreed om ook sy wapen weg te gooi. Maar sal hy?

# Oudstryder Vertel Van Wording Van Nasionale Party In Kaapland

**Onderstaande relaas van die wording van die ou Nasionale Party deur mnr. J. J. van Tonder, Tweepan, P.S. Duikerskraal, oor Vryburg, plaas ons volledig ter wille van die historiese waarde daarvan:**

Ek het in Die O.B. van 18 Julie die brief van „Belangstellend," Stellenbosch, met belangstelling gelees omtrent die stigting van die Nasionale Party in die Kaapprovinsie. Ek wil graag 'n oorsig gee van die stigting van die eerste tak tot op die Kongres te Graaff-Reinet of Worcester so ver die gebeure nog in my geheue is, maar ongelukkig het dit met die nodige briewe, gedrukte boekie en ander bewysstukke, ens. net so gegaan as met my swart hoedjie na ons Tweede Vryheidsoorlog; daar ek destyds tot my spyt dit nie kon besef het dat sulke dinge vir die toekoms waardevol kan wees nie, het ek dit verwaarloos laat gaan.

Ek was destyds voorsitter van 'n S.A.P.-tak te Groot-chwaing met 48 lede. Dis waar die dorpie Stella tans geleë is, distrik Vryburg. Drie dae nadat die Vrystaat oorgegaan het tot die stigting van die Nasionale Party het ek en my vriend wyle Frans le Roux ons tak opgeroep vir 'n belangrike vergadering. Ek meen dit was op 12 Januarie. Al die lede was teenwoordig. Ek het aan hulle die rede vir die stap wat die Vrystaat gedoen het verduidelik; die vergadering kon nie tot 'n beslissing kom nie. Hierop is aan my gevra wat is die standpunt van die voorsitter. Ek het opgestaan en my antwoord as volg gegee: Julle is goed bekend met wat gebeur het en op hierdie S.A.P.-stoel weier ek beslis om weer te gaan sit. Ek vra julle om op te staan wie my wil volg. Vier-en-veertig het opgestaan, 4 het bly sit. Hierop het ek die S.A.P.-tak as ontbind verklaar. Die vier lede het die vertrek verlaat en ons het oorgegaan tot die stigting van 'n Nasionale Partytak. So was die eerste tak gestig.

### HERTZOG VERWITTIG

Ek het die stigting van die tak dadelik per brief aan genl. Hertzog bekend gemaak. Ek het van hom 'n brief ontvang waarin hy ons welkom heet in die N.P., en my verder verwittig dat die tak tydelik sal ressorteer onder die Vrystaat en my takbestuur sal ook belas wees as afdelingsbestuur. Omtrent 'n maand hierna het ek 'n brief ontvang van prof. Fremantle van Bloemfontein af, wat meer of min as volg gelui het: Wil graag 'n konferensie bepaal op De Aar, om te beraadslaag vir die stigting en uitbreiding van die N.P. in die Kaapprovinsie, maar kan dit nie doen nie sonder u toestemming as voorsitter van die afdelingsbestuur. Ek het dadelik my toestemming aan hom getelegrafeer.

### KONFERENSIE

Kort daarna het ek van hom (prof. Fremantle) 'n kennisgewing ontvang dat die konferensie bepaal is op De Aar. Dag en datum het ek vergeet. Op die bepaalde dag was ek daar. Die meeste van die belangstellendes het kort voor sononder aangekom. Ons het nog die aand byeengekom, in 'n saaltjie, nie te groot nie, met 'n ronde tafel op die verhoog. Die vergadering het in sitting gegaan met ene mnr. Vosloo as voorsitter. Professor het die konferensie toegespreek en sy ontstaan verduidelik en gemaan tot samewerking met die Vrystaat. Ek het kennis gegee dat ek nog twee takke gestig het. Hierop het die volgende voorstel gevolg: „Hierdie konferensie besluit om die neergelegde program van beginsels onomwonde te aanvaar en dadelik oor te gaan tot die stigting en uitbreiding van die N.P. Party in die Kaapprovinsie onder leiding van genl. Hertzog."

### TEENVOORSTEL

'n Teenvoorstel deur C. W. Malan het gelui: „Hierdie konferensie besluit om tot stigting oor te gaan van die ou Afrikanerbond en om met die N.P. Party saam te werk so ver doenlik. Tot stemming oorgegaan het die teenvoorstel 3 stemme gekry en die oorspronklike 30 tot 40. Hierop het die voorsitter die stigting van die N.P. Party in die Kaapprovinsie as aangeneem verklaar, en die vergadering verdaag tot die volgende dag.

Die volgende môre het ons byeengekom en heelwat belangrike sake bespreek in verband met organisasie. 'n Besluit is geneem dat alle vriende teenwoordig hulle distrikte moet organiseer. Aan my is opgedra Vryburg, Mafeking en Kuruman. Hierop het die verkiesing van 'n hoofbestuur gevolg o.a. Prof. Fremantle, voorsitter, J. J. van Tonder, Vryburg; Marais, Maraisburg; Van Rensburg, Colesberg. Die ander name het my ontgaan. Eerste kongres sal op Middelburg byeenkom. Tyd sal deur voorsitter bepaal word. Ek en my ou vriend, Naas Raubenheimer, het aan die werk gegaan en die distrikte per brief en andersins georganiseer en 'n sterk afdelingsbestuur op Vryburg saamgestel. Tot met die konferensie op De Aar — en ek is seker vir minste nege maande daarna — was daar geen sprake van dat dr. Malan die kansel verlaat het nie en nog minder van die bestaan van 'n Herenigde Party.

### EERSTE KONGRES

Soos ek aangehaal het sou ons eerste kongres op Middelburg gehou word. Sover ek kan onthou het dit minstens 10 tot 12 maande na De Aar plaasgevind. Ek het van prof. Fremantle 'n kennisgewing ontvang dat die kongres bepaal is vir 'n Woensdag, en dat ons hoofbestuur die Maandagaand voor die kongres die Herenigde Broeders van die Kaap sal ontmoet op uitnodiging van hom (prof.) om hulle besware te bespreek. Van 'n voorwaarde om ons te ontmoet en dat dr. Malan as leier gekies sou word, waartoe prof. Fremantle sou ingewillig het, was geen sprake nie, en indien wel sou ek daarteen seker geskop het want dit sou beteken het baantjies vir boeties, wat vir 'n jong party ongesond sou wees.

### „HERENIGDES"

Maandagaand na ete was ons op die vergaderplek in die pastorie, ek meen van ds. Dönges. Teenwoordig was die volgende wat hulleself genoem het die Herenigde Broeders: Dr. Malan, ds. L. P. R. Vorster (Burgersdorp, H. S. van Zyl, W. A. Hofmeyer, Bruchner de Villiers en adv. W. Beyers. Wat al hulle besware was weet ek nou nie meer nie, maar ek verseker u dat ons met hulle gestig of gesukkel het. Dinsdagvoormiddag, namiddag, die aand tot omtrent 12-uur die nag sonder veel vordering en weer Woensdagmôre tot omtrent 10-uur. Toe het hulle ingewillig waarop ons ons gehaas het na die kongres, want die opening was vir 'n halfuur vertraag. Prof. Fremantle het die kongres geopen en hulle verwelkom in die N.P. Party. Ons het 'n baie geesdriftige en mooi kongres gehad met 'n groot opkoms. My vriend, Naas Raubenheimer, was ook teenwoordig. Hy sal seker alles beaam wat ek hier gesê het. As ek dit wel het was die volgende kongres bepaal op Graaff-Reinet, so nie Worcester.

### DR. MALAN

Nou wil ek vir „Belangstellend" vertel wat ek weet van die kansel-verlating van dr. Malan. Ek was afgevaardig na die eerste Helpmekaar-kongres op Victoria-Wes. Daar het ek dr. Malan 'n geruime tyd na Middelburg weer gesien en dit het hy daar gesê: Ek weet julle is nie vir politiek hier byeen nie. Ek wil van die geleentheid gebruik maak op verlof van julle voorsitter (as ek dit wel het, was sy 'n mev. Van Heerden) om julle in kort toe te spreek. Hy het as volg gepraat: „Broers en susters ek het die kansel verlaat omdat my volk verskeur is en om te sien om die verskeurde volk byeen te bring het ek my in die politiek begewe en nou vra ek julle as julle teruggaan na julle verskillende distrikte om bidure te organiseer al is dit klein, om die

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

Here te vra om die verskeurde volk byeen te bring, en as dit nie gebeur nie is die Afrikanerdom gedoem. Ek het 20 jaar daarom gebid. Oor die gevolge en wat daarop gebeur het sal ek swyg anders gaan ek moontlik te ver."

### „VADER VAN N.P."

Ons volgende kongres was op Graaff-Reinet of Worcester. Daar het ons 'n baie groot kongres gehad. Charlie Fichardt het die groete van die Vrystaat oorgebring. Ook was daar van die gewese Herenigings Broeders teenwoordig as afgevaardigdes. Sover ek kan onthou was hulle dr. Malan, Bruchner de Villiers, W. Beyers en W. A. Hofmeyer, wat organiserende sekretaris vir die Kaapprovinsie geword het. Na die werksaamhede van die kongres afgeloop was, het die kongres oorgegaan tot die kiesing van 'n nuwe hoofbestuur. Dr. Malan is gekies in die plek van prof. Fremantle as voorsitter. Ek het buite stemming gebly.

Ek het die geskiedenis van die stigting van die N.P. Party Kaap met die beste wat ek nog daarvan onthou, weergegee sonder om iets by te voeg. My Generaal het my altyd by ontmoeting begroet as die vader van die N.P. Party in die Kaapprovinsie. Nou wil ek net hier terloops byvoeg: ek is 'n oudstryder tot die bittereinde, nou 74 jaar. My enigste hoop om verwesenlik te sien waarvoor ek geveg en geoffer het, is die O.B. Ek sal staan en val by hom. Want my Generaal, op wie my hoop was, is daar nie meer nie. Nou is my hoop op die K.G. en A.K.G., want hulle is die leiers van die enigste beweging vandag wat nie skroom vir hul vryheid en die wording van 'n republiek verraai nie.

# GEVAARLIKE VYFDE KOLONNERS

**„Nie alle vyandsagente verraai staatsgeheime as sodanig nie. Sommige van hulle is belas met veel meer subtiele werk; hulle skryf notas, stel verslae op, stel lêers saam wat staatsbeleid beinvloed teen die Atlantiese Verbond, teen indiwidue wat besig is om die Russiese oogmerke aan die kaak te stel, ens.," skryf Intelligence Digest na aanleiding van die „uiters ernstige" posisie van Brittanje in hierdie opsig.**

**'n Nota op die regte tyd afkomstig van 'n hoë amptenaar wat pro-Russies is, is net so nuttig as klinkklare spioenasie.**

**„Hierdie vorm van pro-vyandse bedrywigheid is selfs gevaarliker as die gewone verraad wat maklik opgespoor kan word.** Daar kan byvoorbeeld gemeld word dat 'n kragtige aanval op die oomblik van stapel gestuur word teen diegene wat hulle daarop toelê om hierdie bedrywighede aan die lig te bring. Ons is bewus van die pogings wat aangewend word om hierdie tydskrif teen alle koste tot swye te bring. Ons is in besit van dokumentêre bewyse. Die Politburo is vasberade om ons werk te ondermyn of tot swye te bring. Alle pogings sal misluk, maar dit is by verre die gevaarlikste onderwerp wat in die afgelope dertien jaar in hierdie blad aangeroer is."

### V.S.A. EN BRITTANJE

Die blad gaan voort deur te verklaar dat die lasterwet en die klaarblyklike moeilikheid om bewyse te lewer van inligting wat vertroulik verkry is, dit uiters moeilik maak in hierdie stryd.

**„Hoewel in wye kringe erken word dat die toestand gevaarlik en onbevredigend is, word niks gedoen nie. Die hele staatsdiens moet ondersoek word deur manne wat die vertroue van die Atlantiese volke het.**

**„Oor die algemeen geld dit vir alle lande, maar veral vir Amerika, Brittanje en Frankryk. In al drie hierdie lande word pro-Russiese elemente aangetref in posisies waar groot invloed uitgeoefen kan word en waar eersterangse geheime bewaar word."**

Bostaande waarskuwing uit die mond van 'n orgaan wat reeds wêreldwye erkenning geniet vir sy korrekte weergawe van verborge bedrywighede selfs agter die Ystergordyn, stem ooreen met die waarskuwings wat ook in ons blad uitgespreek is deur buitelandse medewerkers.

## VERJAARDAGVIERING

Die amptelike verjaardagviering van ons Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag, word vanjaar te Lichtenburg gehou, op Saterdag, 8 September 1951, vanaf 3 nm.

Tussen 2- en 3-uur nm. vertrek ons in groepe vanaf die Afrikaanse Koffiehuis, Scholtzstraat, Lichtenburg, na die feesterrein. Sorg dat u voor 3-uur nm. daar aankom.

Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi na die feesviering.

Daar sal volop skaapvleis, wors en lekker Boeregeregte te koop aangebied word.

**PROGRAM:**

4 nm.: Ontvangs van ons K.G. en mev. Van Rensburg. Vlaghysing. Skriflesing en gebed. Verwelkoming H/G. K. J. H. Behrens.

4.30 nm.: Gesellige verkeer — Verkope, ens.

6.30—7 nm.: Aandete.

7 nm.: Oorhandiging van verjaardaggeskenke en adres aan ons K.G. en mev. Van Rensburg: H/G. D. J. van Rooy, voorsitter van Grootraad.

7.30 nm.: Toespraak genl. Petrus Grobbelaar.

8.15 nm.: Toespraak Kommandant-generaal.

**Kom Seker en Kom Vroeg!**

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# DR. VAN RENSBURG VRA O.B.-LEDE SE STEUN

**Dr. J. F. J. van Rensburg het op die Afrikanerpartykongres verklaar dat hy verplig is om die O.B. se standpunt uiteen te sit omdat sekere verklaringe in verband met beweerde voornemens van die O.B. in die afgelope tyd gepubliseer is. Spreker het die versekering van mnr. Havenga gekry dat die artikel wat bepaal dat niemand lid mag word van die nuwe party indien hy aan 'n ander politieke party behoort nie, nie teen lede van die O.B. gemik is nie. Hy is dankbaar dat O.B.-lede van die Afrikanerparty en ook O.B.-lede wat nie aan die A.P. behoort nie tot die nuwe party sal kan toetree. Persoonlik volg hy min. Havenga volkome met die stap, het dr. Van Rensburg gesê.**

Dr. Van Rensburg het gesê dat hy alle punte van politieke belang in min. Havenga te toespraak wil onderskryf.

Hoewel alle lede van die Afrikanerparty die party getrou gedien het, kom hulle nogtans uit twee bronne — die oorspronklike lede van die Afrikanerparty en O.B.-lede van wie baie voormalige lede van die Herenigde Nasionale Party, wat weens die misverstande van 1941 van die Nasionale Party weggebreek het. Spr. wil nie weer ou koeie uit die sloot graaf nie.

Aan spr. het min. Havenga destyds gesê dat O.B.-lede welkom is mits hulle die beginsels van die party onderskryf. Spr. het aan min. Havenga die versekering gegee dat O.B.-lede die Afrikanerparty getrou sou dien. Spr. het van min. Havenga net een versekering gevra: wanneer die samewerking tussen die Afrikanerparty en die Nasionale Party tot eenwording oorgaan, min. Havenga nie tussen die lede van sy party onderskeid sou maak nie, of daardie manne nou O.B.-lede of oud-soldate was en of hulle geen verbintenisse gehad het nie.

### VERSEKERING

By eenwording is lidmaatskap van die nuwe Nasionale Party van kardinale belang. Spr. het aan min. Havenga gevra wat die strekking van die artikel is dat niemand lid mag word indien hy aan 'n ander politieke party of politieke organisasie behoort nie. Min. Havenga het spr. die versekering gegee dat dit nie teen lede van die O.B. gemik is nie, dat alle huidige lede van die Nasionale Party en die Afrikanerparty trouens outomaties lede van die nuwe party word. Spr. se standpunt was nog altyd dat die O.B. nie 'n partypolitieke organisasie is nie. Hy versoek min. Havenga egter om te beaam wat spr. so pas gesê het.

Min. Havenga het gesê dat dr. Van Rensburg se weergawe korrek is. Met die toetrede van O.B.-lede tot die Afrikanerparty was die veronderstelling egter dat sodanige lede aan geen bedrywighede moet meedoen wat teen die party gerig is of met sy beginsels in botsing kom nie.

### DIE O.B.

Dr. Van Rensburg het voortgaande verklaar dat hy liefs nie oor die Ossewabrandwag as sodanig op hierdie kongres wou praat nie. Dit hoort na regte nie hier tuis nie en spr. het die O.B. buitendien nooit as 'n organisasie met 'n politieke strekking beskou nie. Die toetrede van O.B.-lede tot die Afrikanerparty is trouens hiervan bewys. Die O.B.-lede het 'n partyverband gesoek vir deelname aan die partypolitieke aksie teen die Verenigde Party. Hy is egter verplig om die O.B. se standpunt op die kongres uiteen te sit omdat sekere verklarings in verband met beweerde voornemens van die O.B. in die afgelope tyd gepubliseer is.

Spr. is dankbaar dat O.B.-lede van die Afrikanerparty en ook O.B.-lede wat nie aan die Afrikanerparty behoort nie tot die nuwe party sal kan toetree. Persoonlik volg spr. min. Havenga volkome met die stap.

### BEROEP

Aan lede van die O.B. sê spr.: As daar van ons is wat voel dat ons om watter rede ook al nie in die nuwe eenheid welkom sal wees nie, moet ons onthou dat wat op die spel is, nie die politieke toekoms van hierdie of daardie man of vrou is nie maar die eenheid van die nasionaalvoelendes op politieke gebied en die vraag of ons weer terug gestoot moet word na die vernederende posisie wat van 1939 tot 1948 geheers het.

Die Verenigde Party praat van die „rule of law" maar spr. ken jong manne wat in daardie jare ses maande lank sonder aanklag en sonder die reg om selfs hul prokureurs te spreek in die tronk gesmyt is.

As daar O.B.-lede van die Afrikanerparty is wat liefs nie by die nuwe party wil aansluit nie moet hulle onthou: „Sonder u hulp kan ook die ander nie ingaan nie. Het ek die reg om vir ander wat wil, die deur in die gesig toe te klap?"

Baie mense sou dit miskien verwelkom dat spr. nie tot die nuwe party toetree nie. Wat spr. egter ook al doen, wil hy dit nie op sy gewete hê dat hy ander verhinder het om op die Parlementêre terrein een te word nie.

## HOPEFIELD TREUR

**Mnr. J. H. V. du Toit (komdt.), berig:**

Die Hopefieldse O.B.-kommando is diep geskok deur die afsterwe van brandwag Jurgen Kotze van Kliphoek. Sy hande was nooit toe vir die saak van die Ossewabrandwag nie. In hom verloor ons 'n getroue brandwag en 'n opregte vriend. Sy heengaan word diep betreur deur die kommando.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# MIN. HAVENGA SE VERSEKERING

**As O.B.-lede onderneem om geen politiek in die organisasie te voer nie, is hulle welkom in die nuwe party, het mnr. N. C. Havenga gesê op die kongres van die Afrikanerparty. Hy het die „gerugte" dat dit die bedoeling is om O.B.-lede uit die nuwe party te weer „'n poging tot gifsuigery" genoem.**

Min. Havenga het gesê dat die gerugte dat die bedoeling is om lede van die O.B. uit die nuwe party te weer, onwaar is. Hy het dit as 'n poging tot gifsuigery beskryf.

Spr. het verduidelik dat daar 'n massa-toetreding van ingeskrewe lede van die twee partye tot die nuwe party sal wees. Diegene wat nie ipso facto lid wil word nie, het die reg om beswaar te maak en uit te tree.

Daar word aangeneem dat die huidige lede van die twee partye getroue lede is en daar dus gevolglik geen rede sal wees om hulle uit te sluit nie.

Die A.P. se beleid was van die begin af dat hy tot sy geledere verwelkom alle goedgesinde Afrikaners wat wil help in die verwesenliking van die doelstellinge van die party. Die enigste vereiste was dat dit 'n bona fide toetreding moes wees en dat die persoon nie lid is van 'n vyandiggesinde organisasie nie.

**Spr. het die O.B.'s verwelkom en hulle op hul woord geneem dat hulle geen politiek in hul organisasie sal bedryf nie.** As dit hul doel was om die nasionaalgesindes te beveg, sou hulle met die A.P. al in botsing gekom het.

Spr. het daarin geslaag om ook die H.N.P. oor te haal tot die sienswyse dat daar geen inkwissie sal wees nie. Daar sal geen keuring wees nie en spreker sal daarby staan. As **O.B.-lede onderneem om geen politiek in die organisasie te voer nie, is hulle welkom in die nuwe party.**

## Huise Word Te Duur Vir Volk

**Die voortdurende stygings in boukoste en die hoë lewenskoste het dit vandag onekonomies gemaak om huise vir die middel- en laerinkomstegroepe te bou, met die gevolg dat geen voorsiening vir 'n baie groot deel van ons blanke bevolking gemaak word nie,** lui die voorsittersverslag van die Instituut van Eiendomsagente en Afslaers in Suid-Transvaal.





*Toe Hotelrekeninge met stofgoud betaal is*

In 1890, toe u vir u kos en inwoning met 'n sakkie stofgoud of 'n paar klein diamante kon betaal het, was 'n sterk stel tande en 'n goeie maag nodig om die kos baas te raak. Maar in die geval van koffie was dit anders, want selfs in daardie dae was die gewilde drank die heerlike koffie wat deur T. W. Beckett & Kie vermeng is. Deesdae word hierdie koffie Trekker genoem—nog altyd die beste koffie wat stofgoud of diamante kan koop.

„TREKKER"
*Die Goeie Ou Koffie*




KRAGTIG · STERK · GEURIG

6325-1a






Luister na die Rembrandt-programme oor die Handelsradio, S.A.U.K.: Maandagaande om 6.45 (Meestersangers) Donderdae, 6 nm. (Tabakboer se Keuse) — Die Puik Afrikaanse Programme.